# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O

Deel IX. | 10 APRIL, 1954. | No. 1.


# STUDENTESAAL IN AUGUSTUS GEREED

## S.R. BEOOG SEWEDAAGSE FEES

**„TOE EK EERGISTER BY OOM FRED VENTER SO'N HEEN EN WEERTJIE WAS HET HY MY VERSEKER DAT HY ONS STUDENTESAAL VROEG IN AUGUSTUS KLAAR EN GEREED VIR INGEBRUIKNAME SAL AFLEWER," aldus mnr. Jan Visser in 'n onderhoud.**

Mnr. Venter is die bou-voorman.

Op £2,500 ná, wat die Raad van die Universiteit aan die Studenteraad geleen het, het die S.R. nou sy finansiële verpligtinge rakende die bou van die saal, nagekom.

**Toe die vraag aan kom gestel is hoe die S.R. meen om die ingebruikname te reël het die voorsitter die volgende laat deurskemer: „Aangesien dit die hoogtepunt in ons studentelewe gaan wees beoog die Studenteraad 'n sewedaagse fees. In hierdie verband is egter nog geen reëlings getref nie".**

Die gedagte is reeds ge-opper dat die S.S.B.-dinee, die A.S.B.-piekniek en die Korps V.V.-uitstappie saam moet val met die ingebruikname van die studentesaal. Dit alleen beloof om 'n fees duisend te wees!

**PLEK VIR 1,300.**

**Die Wapad** is meegedeel dat geen geldelike voorsiening dusver vir die ameubelment gemaak is nie. Mnr. Visser koester die hoop dat al die P.U.-studente met hierdie uitmeubileer hulle hulp en bystand sal bied. Enige planne in die verband sal uit die geledere van die studente self hartlik verwelkom word.

Gevra hoeveel sitplek die voltooide studentesaal sal bied het Oom Fred Venter die getal op tussen 1200 en 1300 gestel.

Op meegaande foto lê die Kanselier, Prof. J. C. van Rooy die hoeksteen.

Die argitek van die saal is Prof. Meiring van die Pretoriase Universiteit.

Op meegaande foto lê die Kanselier van die Universiteit, die alombeminde Prof. Joon van Rooy, die hoeksteen van die nuwe studentesaal. Die gebou is reeds halfpad voltooi.

Die hoeksteen is by wyse van 'n gesellige fees gevier op 12 Maart 1954.

## GROOTSTE IN BESTAAN

Die aanstaande kongres van die Afrikaanse Studentebond (19-24 April) word vanjaar op Potchefstroom gehou. Uit besonderhede wat **Die Wapad** ter hand gekom het blyk dit dat hierdie saamtrek wat getalle aanbetref alle vorige rekords gaan oortref.

Benewens die kongres self word konferensies in Regte, Handel, Sosialewerk en Natuurwetenskappe gehou. Uitstallings in fotografie, beeldhou-werk en die skilderkuns word gereel en inskrywings is reeds ontvang vir die volkspele-kompetisie.

Twee kompetisies in die redenaarskuns is voorts uitgeskryf: een deur „Rembrandt" met 'n prysgeld van £50. Laasgenoemde wedstryd se deelnemers sal praat oor: Die Afrikaner in die Nywerheid. Inskrywings in Rembrandt se redenaarswedstryd wat reeds ontvang is beloof 'n ongelooflik hoë standaard.

Die onderwerp van bespreking gedurende die kongres is Apartheid in al sy fasette.

## PUKKE NA KONFERENSIES.

**Mnr. J. H. van Niekerk** is deur die B.Comm-sttudente gekies om die Handels-konferensie tydens die A.S.B.-kongressaamtrek by te woon.



Hy sal 'n referaat lewer oor: „Die betekenis van Nasionale Inkomste, Besparings en Beleggings by die Konjuktuur."

Die volgende persone sal aan die redenaarskompetisie deelneem: **Mnre. Jan Schutte, L. S. van der Vyfer, Johan van der Vyfer en A. B. Brink.**

**Mej. Annatjie Kruger** sal 'n referaat voor die konferensiegangers oor Sosialewerk lewer.




## „WAPAD" GAAN EKSKLUSIEWE REEKS PLAAS. BANTOE SAL SKRYF OOR APARTHEID.

**Daar heers onder die Afrikaanssprekende deel van die bevolking van Suid-Afrika oënskynlik 'n roerende eensgesindheid ten opsigte van ons rasseprobleme. Dit is soms amusant om te hoor hoe persone wat oor geen ander probleem hulle opinie kan gee nie, deskundiges word sodra die gesprek in dié rigting gaan. . En tog . . . . Is ons werklik so in ons harte oortuig dat die beleid wat die meeste blankes voorstaan, nou absolutt die ideale is, wat, indien ddit konsekwent deurgevoer sou word, ons tot 'n blywende oplossing van alle probleme s oulei? Waarom word daar so dikwels, juis deur persone wat hulle di emoeite getroos om so 'n bietjie dieper as die oppervlakte te sien en te dink—'n bietjie dieper selfs as die hooflyne van ons Afrikaanse tydskrifte—deur húlle bedenkings geopper, of eenvoudig 'n „ek-weet-net-nie"-houding aangeslaan? Is ons as massa selfs so oortuig van die goeie gronde van ons standpunt dat ons bereid sal wees om die saak van 'n ander kant af te besien; dat ons miskien in 'n tydskrif van ons universiteit 'n reeks artikels van 'n Bantoe sou duld?**

Die skrywer van hierdie reeks artikels is 'n ontwikkelde Bantoe, wat 'n verantwoordelike pos iewers in Potchefstroom beklee. Hy is 'n oortuigde Christen met gematigde beskouings, en is o.a., die skrywer van 'n roman wat na alle waarskynlikheid binnekort sal verskyn. . Die persoon het die wens uitgespreek dat sy naam liewer nie bekend gemaak word nie—daar heers onder die Bantoe die algemene gedagte dat dit vir 'n „kaffer" onveilig is om hom enigsins krities oor die gangbare beleid uit te laat.

As 'n skema het ek voorlopig die volgende aan hom voorgelê:

1) Is die ontwikkelde Bantoe (African) tevrede met sy posisie in die samelewing? Wat is sy posisie in hierdie samelewing? Indien hy nie tevrede is nie, wat is dan sy griewe?
2) Hoe sien hy die apartheidsbeleid? Beskou hy homself as verskillend van ons en in watter opsigte?
3) Wat is sy ambisie vir homself en sy Ras(se)?
4) Wat is sy oplossing van al die probleme in verband met hierdie vraagstuk? Het h yenige wenke ter verbetering van ons verhoudings? Wat kan ons as studente doen, miskien hier in Potchefstroom?
5) Die bespreking van 'n aantal vraagstukke en beantwoording van vrae wat intussen na vore kom.
6) Wat het die witmense ons gegee?

Dit wil natuurlik nie sê dat daar op rigoristiese wyse aan hierdie skema vasgehou sal word nie. . U sal merk dat die opset van die skema redelik krities is. Laat ons egter hierby in gedagte hou dat ons eerste doel hiermee nie is om onsself op die skouer te klop nie, maar om te leer.

J. A. VAN ROOY.

(N.S.: Hierdie reeks sal in die volgende „Wapad" begin.—Red.)

## LOSIES VIR DAMES.

**As gevolg van die snelle toename in die getal dames-studente word 'n nuwe losieshuis reg teenoor Piet Grobler-huis opgerig.**

**Slegs 'n gedeelte van die hele gebou-struktuur sal hierdie jaar voltooi word om 80 dames te huisves. Die voltooide gebou sal inwoning vir 250 loseerders bied teen 'n beraamde bedrag van £42,000.**

**(Gerugte dat die koshuis Thaba Lusern sal heet is ontsenu deur ons segsman!)**

## G.S.O. BELOOF £20,000.

**Op hulle kongres wat verlede week te Springs gehou is, het die Gereformeerde Susters-organisasie in beginsel goedgekeur om £20,000 byeen te bring ter stywing van die boufonds van die nuwe dameskoshuis.**

**Hierdie grootse poging is weereens betekenisvol; dat die Potchefstroomse Universiteit dié van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is en dat die Kerk sy Universiteit op die hande dra.**

**Indien die G.S.O. daarin slaag om hulle belofte na te kom sal daar nog 'n monument tot stand kom vir die toekoms wat onvoorwaardelik sal eis dat Potchefstroom se Universiteit Gereformeerd is en altyd sal bly. Mag die G.S.O. bo verwagting in hulle doe lslaag!**

## Hogarth-Marionette End April Hier

Die wêreld-beroemde Hogarth-Marionette besoek Potchefstroom op 28 en 29 April met die opvoer van hulle fantastiese poppespel.

Hierdie groep het reeds die wêreld deurreis en oral stampvol sale getrek. Die groep het reeds so gespesialiseerd geraak dat hulle 'n eie fabriek opgerig het waar hulle poppe wat etlike duisende tel vervaardig word. Hulle het slegs 'n beperkte aantal na Suid Afrika gebring. Die Hogarth's kan selfs opera's met hulle beroemde poppe aanskoulik op die planke bring.

Die opvoering van 28 April duur van 8—10 nm. en is bedoel vir studente en volwassenes. Dit vind in die plaaslike stadsaal plaas.

Plekke kan by die verskillende koshuis-hoofde of by mnr. D. J. Eloff bespreek word. Die toegangsfooi is slegs twee sjielings.



**J. C. POTGIETER.**

A.S.B.-President, vier uit die 5 Presidente is sover deur P.U. opgelewer.

# Die Wapad.

DONDERDAG, 24 SEPTEMBER -953

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

## REDAKSIE.

HOOFREDAKTEUR ........ D. F. Erasmus.
SUB-REDAKTEURS: Sport ........ F. Botha.
Mej. B. Botha.
Nuus........ D. F. Erasmus.
Varia........ Mej. L. Grobbelaar.
Mej. Ponie du Plessis.
Kuns........ G. v.d. Bergh.
FOTOGRAAF ........ F. Botha.
SPOTPRENTTEKENAAR........ J. Smith.
ADMINISTRASIE ........ C. Schlesinger (Voors.)
A. Hechter.
A. E. Makkink.
L. Swart.
V.d. Dissen.
H. Swanepoel.


# VYAND IN ONS MIDDE

Ja, dit is amper nie meer so opvallend soos enkele jare gelede nie; dit het 'n houding geword van meer as net 'n paar—uit die geledere van ons eie vriende word nou hardop verset gepleeg teen Calvinisme. En onder ons eie studente hoor mens dat die P.U. vir C.H.O. alles oordryf—teveel Godsdiens, teveel Christelikheid, teveel Calvinisme; teveel alles wat na beginsel-handhawing se kant toe neig. .

Nee, hoor u, hoekom nie meer „gematig” nie of, die Bybel hoort tuis in die kerk of, kan ons nie meer „vryheid” geniet nie.

Oor die grense van ons Christelike studentegemeenskap sluip in toenemende mate die dodelike imperialisme van die Liberalistiese denke. En dan nie naakte Liberalisme nie, maar pragtig mooi gecamoufleer met die mantel van Christelikheid om; in werklikheid 'n vyand met die voorkoms van 'n vriend.

Glo u dit nie? Luister:

„Oordenkings in **Die Wapad?**—dit hoort in die **Kerkblad** tuis . . .”

Aan die eettafels: „Skiet gou en kry klaar!” óf „Hy lees weer vanaand die Bybel deur, óf „Die hoofartikel is alweer 'n preek!”

Hulle wat die moed besit om só te praat . . . . hulle is min. Maar waak, u wat u beginsel wil handhaafteen hierdie neutraliteit. Waak vir die gevaar van die kompromie met die „Christelike” manteldraer. Waak dat u nie deur die beskuldiginge van „super”-Calvinisme—wat gebore is uit 'n skreiende vooroordeel en onkunde—die stryd staak om gemoedere te sus of af te laat koel nie..

Maar fel verset die Calvinisme hom teen hierdie verbroedering omdat kompromië met dié nie geduld word nie. Die Calvinis tree op terwille van die beginsel en bo die persoonsbelange, bo die sg. gematigheid of makliker middeweg en soek die eer van God.

Ons sê weer dat studente wat waarlik en opreg C.H.O. agter P.U. wil skryf dit met die daad moet doen. Positief om die Christelike beginsel te handhaaf en negatief om die vyand in ons midde uit te slinger as hy dan nie vatbaar vir oortuiging is nie. Want ons glo in wat ons verkondig en ons verkondig wat ons glo.

# WELKOMSWOORD.

Die jaar 1954 het begin, en daarmee het ook begin die taak wat aan elkeen van ons opgedra is vir hierdie jaar.

Elkeen van ons het 'n taak om te vervul in hierdie paar—sommige 'n groter en andere weer 'n kleiner taak, en die groot eis wat aan die volvoering van daardie taak ten grondslag lê, is: Wees getrou! Dog, dié van u wat in die oog van die samelewing 'n onbelangrike taak het, moet dit vir hulle voorop stel: wees getrou in die kleine, sodat u ook later in die grote getrou sal wees. Selfs die kleinste takie is dringend noodsaaklik om die masjien van ons studentelewe vlot te laat verloop—soos die horlosie nie kan loop sonder die klein haarveertjie nie, só kan ons studentelewe nie vooruitgaan sonder die **belangrike** vervulling van daardie klein takie wat dikwels so **onbelangrik** geag word nie!

U, geagte dames en here studente, het elkeen die roeping van student-wees, student-wees aan 'n inrigtinng wat enig van sy soort is in ons land; 'n inrigtig wat dikwels versmaad word in die buitewêreld, wat as die kleinste en onbelangrikste geag word, maar wat vir ons dierbaar is—die Universiteit wat wil wandel in die lig van Gods Woord! Mag ons **almal**, in **alles** wat ons doen, die leuse van ons Alma Mater vir onsself voorop stel, sodat dit nie in die jongste dag as oordeel oor ons genoem mag word nie..

Laat ons die balans bewaar tussen studie en skerts, sodat die een nie ten koste van die ander oorbeklemtoon of benadeel word nie: laat ons op die regte tyd skerts, laat ons op die regte tyd speel, laat ons op die regte tyd studeer; alleen **dan** is ons volwaardige studente.

Aan u, geagte Senior-studente: Tree só op, dat u vir hulle wat jonger is en tot u opsien om hulp en leiding, 'n waardige voorbeeld sal wees om ná te volg.

En u, geagte Eerstejaars: Ken u plek in hierdie jaar van eerstejaarskap, die jaar wat u die fondament lê vir die gebou van die toekoms. Wees dwarsdeur die jaar volwaardige **eerstejaars**, sodat u vanaf volgende jaar volwaardige **seniors** kan wees, want slegs as u 'n eerstejaar was in die ware sin van die woord, kan u 'n volwaardige senior wees.

Die Studenteraad wil aan alle studente 'n woord van hartlike welkom toeroep. Mag u sterkte ontvang in die vervulling van u diens, en mag die moeilikhede wat sal opduik, u nie **breek** nie, maar **maak**, want slegs deur die vuur word die goud gelouter!

(Get.) J. VISSER
(S.R.-voorsitter).



# VAN S.R. WEË

Sommer van die staanspoor af het die Studenteraad met mening sy groot taak aangepak. 'n Groot aantal vakatures het op die besture van die onderliggame ontstaan, wat spoedig weer opgevul is. Ook op die Studenteraad het twee vakatures ontstaan in die posisies wat gevul was deur mnre. Tjaart van der Walt en R. P. Hauptfleisch. In die plek van man. Van der Walt is mnr. Hennie Coetzee verkies, en in die plek van mnr. Hauptfleisch is mnr. Gert van den Bergh verkies. Ons wil dié twee here hartlik gelukwens en ook welkom heet in die Studenteraad.

**STUDENTESAAL:**

Op 12 Maart is op besonder plegtige wyse die hoeksteen van di eStudentesaal gelê deur ons Hooggeagte en geliefde Kanselier, prof. dr. J. C. van Rooy.. Die Studenteraad is geweldig dankbaar dat aan hom die eer te beurt geval het dat só'n kragtige figuur in ons volksgeskiedenis die hoeksteen van ons Studentesaal kon lê.

Op £2,500 ná, wat die S.R. in die vorm van 'n lening by die Raad gekry het, het ons nou ons finansiële werpligtinge ter oprigting van die saal nagekom; dit is afgesien van die stoele, gordyne ens. wat ook nog 'n goeie klompie geld sal kos. Met die hulp van al die studente sien ons egter kans om dié verpligting ook na te kom.

**Besonder verrassend was dit om te thoor dat die verkoping van die Kersfeeskaartjies die mooi bedrag van £450 behaal het. Ons hartlike dank gaan in hierdie verband aan mnr. P. W. Buys van Rembrandt, wat al die moeite gedoen het om dié saak suksesvol te maak. Ook aan alle studente wat kaartjies verkoop het, ons dank. .**

**EERSTEJAARS:**

Op tradisionele wyse is weer vanjaar baie vriendelik en opreg met die eerstejaars kennis gemaak. Ons wil die eerstejaars gelukwens met die goeie gees waarin hulle dit alles opgeneem het, en ons wil vertrou dat hulle in dié gesonde gees sal voortgaan. Aan alle seniors wil die S.R. sy dank betuig vir hulle veelvuldige opofferings en moeitevolle arbeid in hierdie groot saak!

**ALGEMEEN:**

1) **Deur die wakkere optrede van mnr. P. W. Buys en ds. V.. E. d'Assonville (S..R.-voorsitter van 1953) het die Steudenteraad in besit gekom van 330 grammofoonplate uit die hoogste rakke. Ons wil aan mnr. Johann van der Wat, wat die plate aan ons geskenk het, die versekering gee van ons opregte dankbaarheid en waardering. Die plate is in goeie hande, en ons sal dit met agting gebruik, agting teenoor iemand wat ons Universiteit so goedgesind is!**

2) Aan ds. Johan Ligthelm, S.R.-voorsitter van 1952, en mej. Petra Siertsema, tot onlangs lektrise aan die P.U. vir C.H.O., wil die Studenteraad sy allerbeste wense oorbring met hulle huwelik wat op 3 April 1954 plaasgevind het!

3) In die afgelope vakansie het **mej. Lorraine Harroldt en mnr. Gertt van den Bergh** albei hul vader deur die dood verloor, en die Studenteraad wil u verseker van sy opregte simpatie en meegevoel in u groot verlies. Mag die God van alle barmhartigheid u troos met die vertroosting van die Heilige Gees, en mag Hy die wonde genees met die balsem van Gilead. .

# Oordenking

## DIE BLIK VAN JESUS.

**Lukas 22: 61(a): En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk.**

Dit ly seker geen twyfel nie dat die oog die venster van die siel is en dat dit 'n taal spreek wat meer aangrypend is as woorde uit die mond.

Die oog kan **sondetaal** spreek en verlei: Eva werp 'n blik na die verbode vrug—en sy neem!

Die oog kan egter ook **verlossing** bring: Die Israeliet, deur 'n giftige slang gebyt, kyk op na die koperslang—en hy word behou!

Watter kragtige werking in een enkele blik!

In die swartste nag van die lewe van Petrus ontmoet hy die **blik van die lydende —Jesus—**en dit bring hom tot waaragtige berou.

Dit is in die eerste plek **'n blik van diepe swart.**

As Jesus voor Annas geboeid staan en Hy word oor sy dissipels uitgevra, roep Petrus uit: **„Ek ken Hom nie!”**

Hiermee bedoel Petrus dat daar geen gemeenskap tussen hom en Jesus bestaan het nie.

Toe Jesus voor Annas geboeid staan en een van die diensknegte slaan Hom in die gesig, roep Petrus met een eed uit: **„Ek ken die man nie!”**

Die man! Jesus ly vir Petrus as middelaar—en Petrus erken Hom nie as Middelaar nie, maar as gewone mens.

As Jesus voor Kajafas staan en Hy sweer dat Hy die Verlosser is, hoor ons die vervloeking van Petrus waardeur hy liggaam en siel aan die verdoemenis oorgee indien hy Jesus ken.

Daarom wend Jesus 'n smartvolle blik na Petrus—maar ook na u en my, medestudente. Hoe dikwels verloën ons Christus nie ook in ons studentelewe nie! Ons swyg wanneer die Naam van die Here verkeerd gebruik word, ons ontken wanneer ons moet bely.

Dit is in die tweede plek **'n blik van bestraffing.**

Petrus het nie onverhoeds in die strikke geloop nie.

Op weg na en in Getsemane het Jesus hom herhaaldelik gewaarsku—maar hy het geen ag daarop geslaan nie.

Waarom nie? . . . **Omdat Petrus gereken het dat hy bokant hierdie sonde verhewe was.** Petrus, die rotsman, het een groot fout gehad: sy selfvertroue was te sterk. Daarom ook die oormoedige woorde: **„Ek sal nooit aanstoot neem nie!”**

Hoe het die rots nie tot stof verkrummel voor die nietige aanslag van 'n diensmmeisie nie!

Daarom wend Jesus 'n verwytende blik na Petrus—maar ook na u en my, medestudente. Laat ons nooit in oormoedige selfvertroue uitroep: „Ek sal nooit aanstoot neem nie!”

Wat! Sê u dat u 'n kind van die Here is, en daarom sterk staan? . . . . Petrus was ook 'n kind van die Here—en hoe diep het hy geval!

**As ek swak is, dan is ek sterk, sê Paulus. Petrus kan byvoeg: Toe ek sterk was—toe was ek swak.**

Dit is in die derde plek **'n blik van vergewende liefde.**

Die vergewende liefde spreek uit die enkele woord: **Here.** Temidde van die smaad en lyde is dit 'n blik van die heerlikheid van die reddende liefde van Jesus Christus.

Dit is geen gewone blik nie—want dit het geen uitwerking op die Skrifgeleerdes nie. Nee, dit is 'n blik waardeur die Gees van God in die hart van Petrus werk.

Dit bring Petrus tot waaragtige berou, ware boetvaardigheid.

Dit bring Petrus tot trane, bittere trane, eensame trane.

(Vervolg op bladsy 3, kolom 2).

## £450 OP EIE INISIATIEF INGESAMEL



**Op die foto langsaan oorhandig mnr. P. W. Buys 'n tjek van £450 aan die voorsitter van die Studenteraad (links) ter stywing van die boufonds vir die nuwe studentesaal.**

Mnr. Buys is alom bekend onder die rokende studente as verteenwoordiger van die Rembrandt-Tabakkorporasie.

**EINTLIK £900.**

Hy het die bedrag op eie inisiatief ingevorder deur Kersfeeskaartjies met die boodskappe in die handskrif van Totius, te laat druk en te verkoop.

Aangesien die Senaat van die Universiteit £ vir £ bydra het mnr. Buys dus in werklikheid £900 gestort.

**Hierbenewens het hy voorts daarin geslaag om 330 plate vir die Ontspanningskomitee in die hande te kry. Die plate was die eiendom van die eggenote van mnr. Johann van der Watt wat hom 'n die plate wat almal klassieke opnames uit die hoogste rakke is, is enkeles waarvan beperkte opnames gemaak is en onverkrygbaar is.**

**Die Wapad** wil sy diepste dank oordra aan beide mnre. Buys en Van der Watt vir hulle gewaarde en onbaatsugtige ondersteuning aan die die studente van Potchefstroom.

„Potchefstroom” sal mnr. Buys lojaal bly.

(Vervolg van bladsy 2, kolom 5).

Dit verseker Petrus dat daar vir hom ook vergifnis is—deur die geloof in Jesus Christus.

**Sondevergifnis alleen deur die kruisdood heen.**

Daarom mmoet die smartlike, bestraffende, vergewende blik aan die kruishout verdof en deur die dood gebreek word.

Daarom moet Jesus aan die kruishout uitroep: „My God, my God, waaromm het U my verlaat?”

Bring die blik van Jesus u tot ware boetvaardigheid, tot brandende trane?

Voor die regterstoel van Christus ontmoet ons weereens 'n blik: die ongelowige **'n blik van die Regter** wat hom wegslinger in die ewige verderf; die gelowige **'n blik van die Middelaar** wat die vrede van God in sy siel laat indaal.

**Beteken die blik van Christus in u lewe 'n hemelblik . . . . of 'n helleblik?**

C.J.M..

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.
VIR AL U
*Wetenskaplike Boeke*
*en*
*Skryfbehoeftes.*
**Kerkstraat 59,**
**Telefoon 1164.**



**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk”**
Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.
Rembrandt
KURK, ONGEKURK OF FILTER STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES
*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook”*
RA 136x

## PERSOONLIK

**Mnr. Francois Jacobus du Toit aan wie vandag die eregraad O.Comm. Honoris Causa toegeken word en aan wie die oprigting van die eerste Suid-Afrikaanse steenkoolpetrol-fabriek altyd gekoppel sal word is op 25 Augustus 1896 in die Colesbergdistrik gebode. Sy vader was senator.**

Nadat hy die matrikulasie-eksamen aan Paarl Gimnasium afgelê het, het hy die Intermediêre graadkursus aan die P.U.K. voltooi en 'n onderwyspos op Schweizer-Reneke in Wes-Transvaal aanvaar. Daarna is hy na Stellenbosch, waar hy die B.A.-graad in ekonomie behaal het. Hierop het hy vier jaar joernalistieke werk gedoen.

In 1925 is hy as eerste ekonoom van die Afdeling Ekonomie en Markte benoem. Spoedig is hy na Londen as assistent-handelskommissaris, keer in 1929 terug as senior ekonoom van die Afdeling Ekonomie en Markte, help met die stigting van die Nasionale Wolwerkersvereniging en die Wolraad waarvan hy die eerste sekretaris word, deurreis in die depressiejare Japan, China, Europa en Amerika om 'n mark te vind vir Suid-Afrikaanse wol en bokhaar, keer in 1934 terug na Londen as handelskommissaris en word drie jaar later sekretaris van die S.A. Hoë-kommissaris in Londen tot 1944. Met sy terugkeer na die Unie word hy hoof van die Departement Handel en Nywerheid. In 1949 is hy aangestel as Professionele adviseur van die Minister van Ekonomiese Sake. Intussen het hy voorsitter geword van die Raad vir die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne en streekbeplanning, die Nasionale Oorlogsproduksieraad en van die direksie van Sasol.

Mnr. du Toit is getroud met mej. Wilhelmina du Plessis, dogter van wyle Prof. en mev. J. A. du Plessis. Uit die h uwelik is drie dogters gebore waarvan een, Linda, tans op P.U. studeer vir die B.A.-graad.

**Prof. J. Chris Coetsee,** rektor van ons Universiteit, is aangewys as vise-Kanselier.



**Prof. D. J. van Rooy** is aangewys as onder-voorsitter van die Senaat van P.U. Ooreenkomstig die Universiteitswet Nr. 19 van 1950 kan die o/voorsitter van die Senaat ook optree as vise- en waarnemende rektor.

**Prof. G. Dekker** is gekies as die verteenwoordiger van die Senaat op die Raad in die plek van die rektor..

**Raadslid ds. S. C. W. Duvenage** is benoem tot lid van die ere-graad-komitee van P.U. vir C.H.O.

**Mnr. F. J. van Zyl** is aangestel as senior-lektor in die Departement Regte in die plek van mnr. C. M. Wimmers. Mnr. van Zyl het end 1953 sy B.A.-LL.B.-graad aan die Stellenbosche Universiteit behaal.

Die volgende inougurele redes sal in die loop van die jaar gehou word:

**Prof. J. J. Snyman op 27 April.**
**Prof. H. L. Swanepoel op 21 Mei.**
**Prof. W. N. Coetzee op 23 Junie.**
**Prof. P. J. Botha op 28 Julie.**
**Prof. P. J. Hamersma op 23 September.**
**Prof. P. B. Ackermann op 15 Oktober.**

**Mnre. D. F. Erasmus, Jan Visser, E. Smit en Johan van der Vyfer** is deur die A.S.B. benoem om die plaaslike tak op die eerskomende A.S.B.-kongres te verteenwoordig. Mnr. Erasmus is gekies as leier van die afvaardiging.

**Mnr. Tjaart Steyn** het na 'n studie-onderbreking pas weer ingeskryf as t eologiese student. Mnr. Steyn is nou in die derde jaar van sy studie op die Teologiese Skool.

**N.B.**
**KONTANTWINKEL**
**LANGS NOORDBRUG POSKANTOOR, POTCHEFSTROOM**
Eienaar:
A. J. BOTHA.
Ons is naby en altyd tot u diens.
KRUIDENIERSWARE EN
SKRYFBEHOEFTES.
Alle Lekkernye, Sigarette, Roomys, en
Koeldrank.

**P. W. BUYS,**
U Verteenwoordiger van
**REMBRANDT**
Meyerstraat 9 ——— Telefoon 897.
POTCHEFSTROOM.

# DIE INTERKOSSITIE.

**Daar is mos 'n Ampie en Annekie in Thabajäh. (Nie die van van Bruggen nie.) Toe sê hulle, „Kom ons hou 'n interkossitie." Toe orgenaais hulle twee 'n inter-kossitie. Hulle het amper so gewerk soos daar met Vreugde-dag gewerk word. Maar toe sê hulle ook, „Ons mag ons groot handewerk nie verlore laat gaan nie. Laat ons dit aan die mensdom vertel, dan het ons vrinne op die Puk mos 'n storie om aan hulle kleinkinders te vertel." Wel, daar is 'n digster van onbekende faam in Thabajäh en sy het toe die grote gebeurtenis op swart en wit versteen. Die gedig is van groot letterkundige waarde, want die digster gebruik moderne kunsvorms sowel as dié wat eie is aan die Griekse epos. Sy is 'n onkonvensionele en informele digster wat baie gebruik maak van digterlike vryheid.**

Hier volg die gedig soos dit in die argiewe bewaar is:

Thabajäh die skryf 'n brief
en sê vir Kulu: Ons het jou lief;
(Liefde maak seer.)
Om interkossitie te hou, sal ons waardeer.

Kulu is toe opgesweep,
en oefen glad 'n hele week
om tennikoit en jukskei te speel.
Dit het Thabajäh al lank verveel.

('n Oorsaak van ons hartsverdriet,
jul kan maar weet, dit is nie niet.
Thaba Lusern is nog nie klaar,
om hul ook by die vreug' te skaar.)

'n Orkes vooraan,
uit blikemmers en 'n kanarie het dit bestaan,
kom Kulu op die regte dag,
om prêsent te wees vir die grote slag.

Die toegang was een pennie,
dit wou Kulu toe nie hê nie
en sê: Thabajäh is so 'n parasiet.
Hul maak ons dood op elk gebied.

Dis 'n grote dag.
Die skare is so uitgevat—
kisklere van sis en sy
en pejakkies ook nog soms daarby
om dit te sien maak mens nie sat.
(As 't ware 'n mode show.)

Veelbelese
en woes slim,
is ons onedele burgemeester.
Nie minder sjarmant
is
is gemalin.

„Hy" was geklee met dure kakie,
pas ingevoer uit die kamp.
Sy modius—
haar hoed skoon, 'n ramp.

Die burgemeester in sy ampsgewaad,
hy het die lagspiere geskaad,
en sy vroutjie modieus,
getof in skeppings uit Pareus,
skud almal nou die blad.
Ons Beppolie Kasie,
klim op 'n stellasie
en stteek af 'n spiets.
lemoensap.)
Dit was om Kulu hartelik welkom te heet.

Wedstryde—die is van minder belang.
Buitendien was daar nie veel aan die gang.
Kulu is sterk, Thabajäh die is slim,
en so hou dit aan tot ons nie meer kin.

Om vredes onthalwe
drink die dirigente en hulle meisies ook 'n botteltjie halwe,
(dit was maar doodgewone suurlemoen word bedien deur die gasvrou so viets.

Die rugby-spanne, o, manne,
jul moet jul koppe in skaamte laat hange.
Breed en bonkig van stuk, fris en fier,
was die speelsters elk 'n tier.

Die dirigente gooi mekaar dood
met „Wit",
al gillende.
Op die hoogste noot
sing die toeskouers,
al brullende.

Die wedstryd was oop
en skoon;
die spanning
ondraaglik.
Met skoppe
en skeppies,
met stampe
en drietjies,
woed die metch van die dag.
Opeens!
'n Skop, 'n paas, 'n dummie
en daar trek 'n Thabajiet oor die lyn.
Ondersteun deur haar kammie,
druk sy 'n drie.
druk sy 'n drie.
Thabajäh is die wenner!
Skouerhoog van die veld word hul afgedra,
Kulu staan stom en verslae.
Die spreekwoord sê toe:
Na lag kom huil.
Thabajäh sê: Nee, Kulu,
kom lag maar na die huil.
Die burgemeester en sy vrou
sê: Ons sal nou interkossitie-dans hou.
Hulle open die baan
en almal dans toe saam.
(Party op 'n galop.)
Elkeen het al lankal sy sleepsel gehad
om die dans die moeite werd te maak.
Die tokkelokke en hul meisies
was toe almal ewe vies
en hul hou maar bokjol-galop.

So eindig die grote verhaal van die besondere, spesiale, buitengewone dag toe almal aan die einde daarvan na hul eie vesting teruggekee rhet.



Op die boonste foto sien u 'n perspektief van hoe die nuwe studentesaal sal lyk. Dit is geteken deur Gert v.d. Bergh. Die saal sal om en by 1300 mense huisves. Lees ook ons hoofberig op bladsy een.



So lyk die ou saal. Ons verneem dat die Studenteraad hierdie saaltjie gaan afhok in kamers tot beskikking van die hoofliggame om bestuursvergaderings in te hou en om te dien as kantoortjies. Ook **Die Wapad** gaan glo sy kantoor kry.

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS


**EXCELSIOR MEUBELS**
Kerkstraat 132, POTCHEFSTROOM. Foon 743.
Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig.
**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**
**ONS REËL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.**

W. J. GROBBELAAR,
Mans- en Dames-Haarkapper
**Kerkstraat 97. Foon 330.**
**Probeer ons beroemde**
JAMAL MASJIENLOOS PERM
Bekwame Mans-afdeling.
**Sigarette en Fantasie Goedere.**

SAAMTREK WINKEL,
Algememne Handelaars.
**Von Wiellighstraat 13,**
ALLE BENODIGHEDE WORD AANGEBIED.
*„Kom ondersteun ons, Pukke!"*

S.A.V.F.-KOFFIEHUIS
**SPOEDIGE BEDIENING;**
Geroosterde Etes;
**PUIK TUISGEMAAKTE GEBAK.**

MOOIRIVIER APTEEK
**Kerkstraat 155,**
Potchefstroom.
**Telefoon 380.**
*Die Apteek vir Diens.*

MNR. H. STAVAST,
**Kerkstraat 53, Potchefstroom.**
DIE VERE MAAK DIE VOëL,
**STAVAST**
SE KLERE MAAK DIE MAN.

**J. HEIDEMA**
vir
FIETSE
en
MOTORFIETSE
**J. HEIDEMA**
Kerkstraat 30,
(teenoor Geref. Kerk)
POTCHEFSTROOM

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

**S & S**
**SOWDEN & STODDART**
**KERK STREET, POTCHEFSTROOM.**
For Your
FURNITURE AND HOUSEHOLD APPLIANCES NEEDS.
Trade-ins Accepted. Easy Terms Arranged.

WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL
vir
Alle Sportuitrusting en Sportbenodighede

J. R. VAN DER WALT APTEEK
**Kerkstraat 111, POTCHEFSTROOM.**
ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER.
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

# BROKKIES uit die KUNSWêRELD.

## ONTSPANNINGSKOMITEE 327 PLATE RYKER.

### NUWE LEWE IN PLATEPROGRAMME.

**Na 'n halfjaar se mooipraat, asemophou en vertwyfeling het die studente verlede Saterdag die eerste geleentheid gekry om na plate uit die Margrate van der Watt-diskoteek te luister.**

**Agter hierdie gebeurtenis sit daar sommer 'n groot stuk mooipraat en organisasie. Die plate was die eiendom van mev. M. van der Watt van Johannesburg. Mev. van der Watt is verlede jaar oorlede en deur bemiddeling van oom Piet Buys en ds. Victor d'Assonville verlede jaar se S.R.-voorsitter, het mnr. van der Watt besluit om die plate aan die P.U.-studente te skenk. Die oorspronklike idee was o mdie plate aan die konserwatorium te skenk, maar mnr. Buys is daarop gewys dat slegs 'n paar musiekstudente uit so'n reëling voordeel sou trek terwyl die hele studentemassa na die musiek sou kon luister indien dit aan die S.R. geskenk word.**

Dit was dus 'n groot dag vir die Puk toe oom Piet Buys tydens 'n massavergadering op die 27ste Maart, die versameling namens namens mnr. Van der Watt aan die S.R.-voorsitter, mnr. Jan Visser, oorhandig het. Die versameling bevat bykans 327 plate, almal waarvan van 'n baie hoë gehalte is. Die versameling bestaan uitsluitlik uit klassieke, ligte klassieke, opera- en volksmusiek. Goed een-derde van die plate is vandag vir geen liefde of geld vergrygbaar nie, en van een sekere opname, arias uit „Die Walhier" van Wagner, bestaan daar vandag slegs 6 opnames in die wêreld. Onder andere sluit die versameling, 'n volledige stel Beethoven simfonië in asook 'n paar stelle operas en suites.

**VERSOEKPROGRAMME.**

Dat hierdie diskoteek van onskatbare waarde vir die kulturele sy van die studentelewe is, ly geen twyfel nie. Die plateprogramopstellers sal ook nou kan baljaar, veral met die oog op die reeks versoekprogramme wat deur mnr. Charl Jooste gereël word. Ook wat mnr. G. van den Bergh se programme betref, is die saak van orals plate bedel nou iets van die verlede. As 'n bens in aanmerking neem dat daar gemiddeld 12 plate per program (van een uur), gespeel word, sal dit die Ontspanningskomitee drie jaar neem om al die plate deur te speel en daarna kan daar met die grootste gerustheid weer van vooraf begin word.

**DISKOTEEK.**

Een van die voorwaardes verbonde aan die skenking is dat die diskoteek uitgebrei word en dat daar ordentlike huisvesting verskaf word, met ander woorde dat daar 'n diskoteek gebou word. Hiermee is daar reeds 'n aanvang gemaak en binnekort sal daar 'n rak vir 500 plate in die S.R.-kantoor staan.

**KATALOGISERING.**

Nog 'n belangrike taak wat binnekort aangepak sal word is die katalogisering van elke plaat. As in aanmerking geneem word dat daar vir elke plaat omtrent 5 kaarte gemaak moet word bv. komponis, werk, sanger of koor, orkes, opera, aard, ens.), kan 'n men s'n idee vorm van die omvang van hierdie taak.

Alles in aanmerking geneem het die P.U. seker lanklaas so'n groot geskenk ontvang en dan is dit ook nog 'n pluimpie dat mnr. Van der Wat die plate aan „die mees Afrikaanse Universiteit in die land" geskenk het.



Op die boonste foto sien u vir oulaas die beroemde advokaat vir die verdediging Snippie Flyman om 'n pleidooi te lewer terwille van die lewe van 'n drakonie. Hades se hof was iets van die verlede toe Hoofregter Stier die begrafnis op Saterdagmôre 27 Maart gelei het. En met sy laaste woorde:—„Daar sal nou geleentheid vir die Balie en die Jurielede wees om in die gat te spoeg . . ." het die edele Long John Fisher met lang vingers die gat toegeskraap nadat verskeie ampsdraers se rein speeksel soos vroë miswolke oor die afgronde van Hadi gehang het. „Goodbye, of te wel, vaarwel Hades. En gebruik tog goeie vuurmaakgoed as die jou bestaan se **squeelers** arriveer!"



**Mnr. Tjaart van der Walt**, gekies tot SR.-lid end 1953 wat P.U. verlaat het om vir sy Meestersgraad in Grieks te studeer op Wits. Hy het die A.B.K.K. op die Studenteraad verteenwoordig. In sy plek is nou verkies **Mnr. Hennie Coetsee.**

## ONTSPANNINGSKOMITEE BEOOG GROOT DINGE.

Met mnr. Ferdi Botha aan die spits gaan die Ontspanningskomitee vanjaar meer as net plateprogramme en bioskoopvertonings lewer.

Daar is reeds 'n Manskoor en 'n Dameskoor gestig. Op die oomblik is die twee kore apart maar sodra die mans die stemme so'n bietjie reggeskaaf het, sal die twee groepe glo kombineer en die koor sal dan na verwagting binnekort die gewildste kulturele organisasie naas spyker op die Puk wees.

Die Manskoor oefen al geruime tyd en die dames het ook 'n rukkie gelede begin. Mnr. Botha is tot dusver hoogs in sy skik met beide se pogings en hy voorsien 'n groot toekoms vir die koor; veral het hy in gedagte die inwyding van die nuwe studentesaal, wat na verwagting vroeg in die tweede semester sal plaasvind. By hierdie geleentheid hoop die Ontspanningskomitee om 'n groot verskeidenheidskonsert te reël.

**UITSTALLING VAN STOKPERDJIES.**

Mnr. Botha verklaar ook dat die Ontspanningskomitee binnekort 'n uitstalling van handewerk en stokperdjies sal reël. . Studente word aangeraai om maar daaraan te begin dink om van hulle stokperdjies vir hierdie geleentheid in te skryf.


ED. L. OOMS (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

OOGKUNDIGE.

*Brilspesialiteit.*

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129, Foon 980, Potchefstroom.

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depôt: CARLZEIS-JENA.





VOLKSKAS IS OOK

DIE BOER SE EIE BANK

DUISENDE boere bank reeds by VOLKSKAS en ondervind daagliks die voordeel en gerief van 'n VOLKSKAS-tjekrekening en die vriendelike diens wat daarmee gepaard gaan.
Het *U* al u tjekrekening by hierdie Bank geopen? Die Bank open ook Spaarrekeninge en aanvaar gelde op vaste deposito teen aantreklike rentekoerse. Doen gerus navraag by u naaste tak.

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS

BEPERK

(*Geregistreerde Handelsbank*)

*Hoofkantoor:* SENTRAALSTRAAT, PRETORIA

0212



WELKOM KAFEE

Von Wiellighstraat,

Lekkergoed, Sigarette,

Koeldranke.

*Spesiale aandag aan Studente.*



S.A.N.L.A.M.

J. L. M. Venter.

SPESIALE VERTEENWOORDIGER.

Noordbrugweg 3,
Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM.



ADVERTEER

IN DIE

"WAPAD"

# *SPORTPRAATJIES*



As 'n mens terugkyk na die pretsasies van verlede jaar, lyk dit of die Pukke vanjaar dit nie net daar wil laat nie, maar verder daarop wil voortbou. 'n Mens kan amper voorspel dat dit vanjaar dié jaar gaan wees.

**RUGBY:**

Sommer van die staans oor Theos. vanjaar soos 'n stoomro oor die verskillende spanne van Rustenburg, Randfoontein, Groblersdal en Lichtenburg geloop.

Die beweeglike agterlyn en die aanstormende voorosse gaan vanjaar vir die mense wys hoe rugb. werklik gespeel moet word.

Die Theos onderneem ook 'n toer na die suide en die spann aldaar sal in hulle pasoppen moet wees.

**HOKKIE:**

As wenners van verlede jaar s liga, lyk dit of die mans hokkie span vanjaar geen gras onder hul le voete wil laat groei nie en he hulle reeds die Normaal en Garnisoen met die kous oor die kop terug huistoe gestuur.

'n Ou veteraan, Bertus van de Walt, is weer terug en die slaan krag van die voorlyn hou groo gevaar in vir enige opposisie-span.

Ook het die dames reeds van hulle laat hoor deur Dorp die loe af te steek. Verder het hulle 'n aangename hokkie-week in Pretoria bygewoon, en na wat hulle daar geleer het, is die gevaartekens nou duidelik vir die ander liga-spanne daargestel — dus pasop !

**SWEM:**

Die jongste klub aan die Universiteit, nl. die swemklub, het die stoutste verwagtings oortref, en hulle seisoen met 'n skitterende vertoning teen Normaal afgesluit.

In 'n inter-fakulteit-byeenkoms het die B.A.'s daarin geslaag om die louere weg te dra.

Met die besoek van die Amerikaanse duikkampioene, mej. Ann Ross, het die studente nie die geleentheid laat verby gaan om haar om hulp te nader nie en het sy hulle van goeie afrigting voorsien.

Di ebyeenkoms teen Normaa het seker die grootste verrassings gelewer.. Dit het weereens getoon dat, met die nodige leiding, die Pukke 'n waardige span sal kan saamstel vir verteenwoordiging op Inter-universitêre byeenkomste.

Van die sterk-waterpolo span sal nog in die toekoms baie gehoor word.

## ATLETIEK.



**WILLIE NEL.**

Selfs op atletiek-gebied het daa r'n lewe en nuwe belangstelling gekom met Willie Nel se prestasies. Sy tyd oor die 100-tree tydens die fakulteit-byeenkoms van 9.5 sek. was wel nie so fantasties gewees nie. Prof. Smith het hier .4 sek. bygereken omdat hy die wind van agter gehad het. En toe kom hy en wen sy uitdun-wedloop gedurende die Wes-Transvaalse-kampioenskappe met 9.8 sek. Dit is egter so jammer dat hy kort-kort deur beserings gekortwiek word. Miskien moet hy deegliker opwarm en gereelder oefen.

**O.K. BAZAARS (1929) LTD.**

Kerk Street,

POTCHEFSTROOM

*FOR YOUR EVERY NEED.*

Consult us first for your

STATIONERY AND REQUIREMENTS.

# THEOS GAAN W.P. TOER
## Ook Teen Natal U. en Wits

**BLYKENS INLIGTING WAT „DIE WAPAD" VERLEDE DONDERDAG BEKOM HET SAL THEOS. HIERDIE JAAR TEEN SLEGS TWEE UNIVERSITEITE IN DIE LAND NIE SPEEL NIE AS HULLE VOORGENOME PLANNE DEURGEVOER GAAN WORD. GEDURENDE DIE APRIL-VAKANSIE TOER THEOS. MET NEGENTIEN SPELERS AF NA WESTELIKE-PROVINSIE OM ONDER ANDERE TEEN SPRINGBOK HENNIE MULLER SE SPAN (NOORDELIKES) EN MATIES TE GAAN SPEEL.**

**Die span wat gaan toer is: H. Erasmus, S. Blom, W. Steenkamp, B. de Klerk, J. de Wet, A. Pelser, D. Putter, B. Duvenage, J. de Wet, J. Strydom, D. Eloff, S. de Jager, K. Dreyer, J. Steenkamp, D. Putter A. v.d. Walt, O. v.d. Merwe, S. de Lange en P. Pelser.**

Met die deurkyk van die toerspan kom dit voor asof die spelers almal baie beweeglik is. Hier dink 'n mens veral aan die losvoorspelers—de Jager, „Swart" Steenkamp en Dick Putter—wat reeds bewys het dat daar nie teen hulle in Wes-Transvaal kers vasgehou kan word nie. Dit val selfs te betwyfel of mens een van hierdie manne uit die provinsiale span sal kan laat in die komende seisoen. Hierdie losvoorspelers sal dan ook moet uit-lê in die W.P. met sy tradisionele agterlynspel. Nie dat ons eie agterspelers nie hulle man sal kan staan nie. Maâr dit is bekend dat die voetbalspanne in die suide hulle punte d.m.v. die agterspel aanteken.

**TOERPROGRAM.**

Slegs die klub van Beaufort-Wes is nie goed bekend hier in die Noorde nie, maar die spanne van Maties, Noordelikes en O.K.P. is aldrie instaat om 'n punteleer hier laat in 'n seisoen 'n verrassende wending te laat neem. Hierdie drie wedstryde behoort sprankelende spel op te lewer. Die program verloop as volg:

Vertrek na Paarl 14 April.
P.U. teen O.K.P. 17 April.
P.U. teen Noordelikes 19 April.
P.U. teen Maties 21 April.
P.U. teen Beaufort-Wes 24 April.

"Springbok Captain" Hennie Muller is die aanvoerder van Noordelikes.

**NOKO FOURIE.**

Die entoesiasme onder sommige non-spelers is so hoog dat 'n paar besluit het om op eie onkoste die toer mee te maak!

Dusver is nog geen span-bestuurder aangewys nie.

Dit is jammer dat Noko Fourie nie beskikbaar is vir die toer nie. Na sy skouerbesering drie weke gelede het hy pragtig herstel. Maar dit lyk of die ongeluk hierdie man bloots ry, want tans loop hy met 'n beseerde enkel. So 'n alsydige voetbalspeler het ons jare laas op Puk gehad, maar dit wil voorkom asof „Swart" Steenkamp nie ver by hom gaan agterstaan nie. In die wedstryd teen P.O.K. het hy menigeen verstom laat saan met sy posisionele spel.

**NATAL EN WITS.**

**Mnr. Dewey de Wet deel ons mee dat die bestuur besig is om 'n wedstryd teen Natal Universiteit te reel. Voor e.k. Juliemaand ruk Theos. op teen die span van Wits. Hierdie wedstryd sal dien as 'n proefwedstryd. 'n Gekombineerde Noordelike Universiteitespan moet by die geleentheid gekies word om Noord-Rhodesië te toer gedurende Juliemaand.**

**O/19 TOERTJIE.**

Of daar in die hele Wes-Transvaal 'n span is wat hierdie babaspan kan oorrompel of selfs net kan wen val te betwyfel As mens voorts nog dink aan die kafferpak wat Diggers O/19 op die lyf geloop het dan begin 'n mens 'n idee vorm van die spannetjie se sterkte. **Maar,** hierdie spelers was vier weke gelede al amper fiks.

Ook die O/19 onderneem 'n kort toertjie gedurende lang naweek 31 Mei. Wedstryde sal teen spanne in Noord- en Noord-Wes-Vrystaat gespeel word.

**HOKKIE-FIASKO.**

Nadat net een rugbyspan teen P.O.K. verloor het kom die eerstespan van die Jack Strydom en loop die Swartes skoon uit die grond uit met 7—0. Hier was dit veral Bertus v.d. Walt, Jack, Charles Schlesinger en Koos Jooste wat geskitter het. Hierdie span het dus nog geen nederlaag gely vanaf Maart 1953 tot nou nie!

LOOCK
KLEREMAKERS
**CALDERBANKSGEBOU,**
**Kerkstraat 102,**
Potchefstroom.
**Foon 855.**

KOM SIEN ONS——
vir al u
*Fotografiese*
**en**
*Aptekersbenodighede.*
GEEN & VELLEMAN
**Kerkstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**

J. TOD . SUTTIE,
KOMPLETE
Mansuitrusters
vir al u
**Klerasie en ander benodighede.**
**Kerkstraat 127,**
**Foon 1, POTCHEFSTROOM.**

GROENPUNT-KAFEE,
**Von Wiellighstraat,**
vir
Vars, Smaaklike Vrugte
en Groente.

TRANSVAAL TYPEWRITING SERVICE.
**C.N.A.-GEBOU, POTCHEFSTROOM.**
**Transvaalse Tikmmasjiendiens.**
**Vir alle Tikmasjiene- en Reparasiedienste. Alle werk gewaarborg. Nuwe en Tweedhandse Tikmasjiene te koop.**
**Telefoon 1080.**

J. J. JACOBS,
**Von Wiellighstr, 18, Potchefstroom**
**vir kwaliteit Skoenreparasies.**
**Tevredenheid gewaarborg.**
**Tweedehandse Graansakke sonder gate te koop teen 1/4 stuk.**

STUDENTE . . .!!!
Vir al u
Handboeke,
Skryfbenodighede,
Leertasse,
Geskenke, ens.!
EBSOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.
POTCHEFSTROOM
BOEKHANDEL
**Kerkstraat 90,**
**Telefoon 497,**

TURKSTRA BAKKERY
RAADPLEEG ONS VIR
Bruidskoeke, Brood
en
Alle Koeksoorte.
**ELKE DAG VARS.**

*Drink en Geniet*
**S & S**
Super Dilla
en
Super Orange.
**Sherr & Shakinovsky**
**Autolaan,**
**POTCHEFSTROOM.**
**Foon 16.**

FLEURETTE
BLOEMISTE
**Kerkstraat 91,**
**POTCHEFSTROOM.**
***Spesiale Afslag aan Studente.***

Gedruk deur Die Westelike Stem en uitgegee deur die Redaksie van „Wapad".